higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SKEP VAN NUWE ONDERNEMINGS
NKR VLAK 4

XX FEBRUARIE 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 A
1.2 A
1.3 C
1.4 A
1.5 A
1.6 D
1.7 D
1.8 A
1.9 A
1.10 C

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

2.1
- Kan 'n geleentheid of behoefte identifiseer en daaraan uitvoering gee
- 'n Persoon wat toeganklik is
- Is gewillig om risiko's te neem (Enige gepaste 2 × 2) (4)

2.2 2.2.1 Langsaan die munisipale kantore.
Langsaan die lisensie-departement.
In 'n winkelsentrum.
In 'n hoofstraat oppad na die Departement van Binnelandse Sake.
(Enige gepaste antwoord 1 × 2) (2)

2.2.2 Die winkelsentrum het baie potensiële kliënte wat moontlik hul lisensies/motorlisensieskywe moet hernu.

Kliënte wat van hulle toustaandienste gebruik wil maak, het maklike toegang tot hulle besigheid as dit naby die munisipale- of lisensiekantore geleë is. (Enige gepaste antwoord 1 × 2) (2)

2.3
- Help om potensiële kliënte te ontmoet
- Kry blootstelling vir die onderneming
- Mense moet van die onderneming weet om dit te kan ondersteun
- Mense hou daarvan om iemand te ondersteun wat hulle persoonlik al ontmoet het en voel hulle kan vertrou
- Mense is meer ontspanne en gesels meer wanneer hulle netwerk deur te sosialiseer (Engie 4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

2.4
- Huurooreenkomste
- Dienskontrakte
- Verskafferkontrakte
- Dienskontrakte vir al die personeellede
- Bruikhuurooreenkomste vir kantoormasjinerie, toerusting, byvoorbeeld fotokopieerder
- Leningsooreenkomste (Enige 4 × 2) (8)

[24]

VRAAG 3

3.1
- Selfoonkoste✓– lugtyd om SMS'e te stuur en kliënte te kontak✓
- Brandstof✓– vir die gebruik van haar voertuig vir die onderneming✓
- Basiese skryfbehoeftes✓ – pen, kwitansieboek, lêers vir die inligting van kliënte✓ (Enige gepaste 3 × 2) (6)

3.2 3.2.1 Bruto wins = verkope (omset)✓ – koste van verkope✓

3.2.2 Netto wins = bruto wins✓– vaste koste✓

(2 × 2) (4)

3.3
- Belastingdoeleindes
- Aansoeke vir persoonlike lenings of oortrekkings
- Vir aanvullende (kollaterale) sekuriteit
- Jaarstate (jaarlikse finansiële state) (4 × 2) (8)

3.4

SKULDFINANSIERING	EKWITEITSFINANSIERING
• Die lening moet met rente terugbetaal word ✓✓ • Sodra dit terugbetaal is, het jy geen verdere verpligting teenoor die persoon die geld geleen het nie ✓✓ • Krediteurs het 'n wettige aanspraak indien hulle nie betaal word nie • Te veel skuld kan tot finansiële moeilikheid lei	• Finansiering met aandelekapitaal is wanneer die persoon, wat die geld leen, dit in ruil vir 'eienaarskap' van iets doen, soos aandele in die onderneming of 'n sê in hoe die onderneming bestuur word✓✓ • Die geld moet dalk terugbetaal word of dalk nie ✓✓

(8)

3.5 3.5.1 Ekwiteitsfinansiering (1 × 2) (2)

3.5.2 Sy het die wins gebruik wat sy bekom het deur die kliënte wat vir die uitgawes van die onderneming betaal het, want die kliënte die moes vooraf die administratiewe fooi plus die vereiste bedrag betaal.

(Enige ander gepaste antwoord wat op die gevallestudie van toepassing is)((1 × 2) (2)

3.6
- Is die batewaarde stabiel en konstant?
- Behoort die bate wettiglik aan die persoon wat dit as kollateraal aanbied?
- Is daar 'n aanvraag vir die produk op die mark (kan dit maklik verkoop word om die geld terug te kry)?
- Sal die bate gou in waarde verminder, byvoorbeeld, beleggings op die aandelemark? (4 × 2) (8)

3.7 Wanneer jy geld leen, moet dit gewoonlik met rente terugbetaal word. Gee die formule wat gebruik word om die maandelikse leningterugbetalings te bereken wanneer jy ingelig is oor die leningswaarde, rentekoers en die aantal jare waaroor die lening terugbetaal moet word.

Maandelikse terugbetalings✓ = leningswaarde✓ + totale rente✓
Aantal jare✓ × 12✓ (maande per jaar) (5)
[43]

VRAAG 4

4.1 **Q4U✓**
GEDRAGSKODE✓

INTEGRITEIT
By Q4U, respekteer ons die belange van ons kliënte, die nakoming van ons pligte en belowe ons net dit wat ons kan lewer ✓✓

NIE-OPENBARINGSOOREENKOMSTE
Deur 'n nie-openbaringsooreenskoms (geheimhoudingsooreenkoms) met hulle dienskontrakte te onderteken, word alle nuwe werknemers tot hierdie ooreenkoms verbind. ✓✓ Oortreding kan tot strawwe regstappe/dissiplinêre optrede teen die werknemer lei.

VERTROULIKHEID VAN INLIGTING
Q4U sal toepaslike beheer oor en oordrag van vertroulike en sensitiewe inligting handhaaf en monitor.✓✓ Kliënte se dokumentasie word ten alle tyd veilig gehou en die perseel word met behulp van GKTV (‘CCTV’) gemonitor.

REGVERDIGHEID
Q4U onderneem om ons kliënte konsekwent, regverdig en op 'n niediskriminerende wyse te behandel.✓✓

KLIËNTFOKUS
Ons sal daadwerklik poog om onsself onderskeibaar te maak deur aan ons kliënte die mees betroubare, vinnigste, mees professionele en doeltreffende diens te bied.✓✓

RESPEK DIE WERKGEWER SE TYD
Daar word van alle werknemers verwag om die werkgewer se tyd te respekteer deur stiptelik vir werk aan te meld, altyd beskikbaar te wees om aan kliënte diens te lewer en om hulle van onnodige afwesigheid te weerhou.

E-POS- EN INTERNET-TOEGANG
Alle werkers sal individuele wagwoorde toegeken word en hierdie wagwoorde mag nie met enige ander persoon gedeel word nie. E-poste en die internet moet slegs vir werksverwante kommunikasie gebruik word. Q4U het die reg om die gebruik van hierdie stelsels te monitor.

(Enige ander toepaslike antwoord wat met op die gevallestudie betrekking het.)
(Enige 5 × 2)
(1 punt vir die maartskapy se naam en 1 punt vir die titel)
Dit is slegs moontlike antwoorde. Die student moet verder op elke item uitbrei. Geen punte word toegeken as slegs die opskrif gegee word nie; vir 'n opskrif en verduideliking: 2 punte (12)

4.2
- Kliënte
- Verskaffers
- Werknemers
- Werknemer
- Gemeenskap
- Aandeelhouers (Enige 4 × 1) (4)

4.3
- Om toerusting of materiaal van die onderneming te steel
- Om afskrifte van kliënte se persoonlike inligting te maak om dit op 'n oneerlike wyse te gebruik
- Om afskrifte van kliënte se persoonlike inligting te maak om dit te verkoop

(Enige gepaste antwoord wat op die scenario betrekking het)(Enige 3 × 2) (6)

4.4
- Praat privaat met die werknemer en bied aan hom of haar die geleentheid om 'n verduideliking vir sy/haar optrede te gee.
- Probeer om 'n oplossing vir die probleem, ten opsigte van die werknemer se gedrag, te vind.
- Praat met die werknemer se toesighouer om die werknemer se gedrag te monitor.
- Indien die werknemer steeds nie sy of haar gedrag verander nie, volg die tugstappe wat in die Wet op Arbeidsverhoudings gestipuleer word.

(Enige 3 × 2) (6)
[28]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Jy is wetlik aanspreeklik vir jou optrede of indien jy versuim om volgens 'n bepaalde wyse op te tree.

5.1.2 Aanspreeklikheid voortspruitend uit 'n kontrak.

5.1.3 Jy sal vir jou eie optrede aanspreeklik gehou word.

5.1.4 Een persoon is aanspreeklik vir die nalatige of onverskillige optrede van 'n ander.

(4 × 2) (8)

5.2
- Wet op Diensbillikheid
- Wet op Basiese Diensvoorwaardes
- Wet op Arbeidsverhoudinge
- Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid
- Die Grondwet: Vryheid van Assosiasie (Enige 4 × 2) (8)

5.3
- Volle naam en adres van die werkgewer
- Naam en beroep van die werknemer
- 'n Kort beskrywing van die werkstake wat uitgevoer moet word
- Die werkplek
- Die gewone werkure en werksdae
- Die lengte van die kontrak, ingesluit die datum vir die beëindiging van die kontrak, indien nodig
- Die ooreengekome besoldigingskaal vir gewone werkure
- Die ooreengekome besoldigingskaal vir oortydwerk
- Ander betalings of toelaes
- Frekwensie van betaling
- Volle besonderhede van aftrekkings
- Die naam van die persoon aan wie die werknemer moet rapporteer
- Besonderhede ten opsigte van verlof
- Die kennisgewingtermyn wat vereis word in geval van bedanking/diensbeëindiging
- Besonderhede van die dissiplinêre prosedures (Enige 6 × 2) (12)

5.4
- Alle dokumente wat nie in gebruik is nie moet in 'n sluitbare liaseerkabinet gehou word.
- Die liaseerkamer moet gesluit word en slegs beperkte toegang moet verleen word.
- Installeer sekuriteitskameras in die kantoor.
- 'n Verklaring van geheimhouding moet deur die personeel geteken word.

(Enige gepaste 3 × 2) (6)
[34]

VRAAG 6

6.1 6.1.1 Salarisse, huur, versekering, leningsterugbetalings, voertuigterug-betaling (Enige gepaste 5 × 1)

6.1.2 Lone, water en elektrisiteit, telefoon- of selfoonkoste, petrol/brandstof, voertuigversieningskoste (Enige gepaste 5 × 1) (10)

6.2
- Maatskappy-doelwitte
- Bemarkingstrategie
- Koste
- Kapasiteit van die perseel
- Kapasiteit van die masjinerie en toerusting
- Bevoegdheid van werknemers
- Kapasiteit om addisionele produkte te lewer (Enige 5 × 2) (10)

6.3
- Grenskosteberekening
- Tradisionele kosteberekening
- Taakkosteberekening
- Aktiwiteitsgebaseerde kosteberekening
- Veranderlike kosteberekening (Enige 3 × 2) (6)

6.4
- Netto wins – geld wat oor is nadat belasting en rente op lenings afgetrek is
- Bruto wins – geld wat die onderneming maak na die aftrekking van uitgawes wat met produksie verband hou
- Bedryfswins – geld wat die onderneming maak na aftrekking van al die uitgawes wat nie direk met produksie verband hou nie. (3 × 2) (6)

6.5



✓ – vir vloeidiagram
✓ – vir gerigte pyltjies (8)

6.6
- Die koop en aflewering van kos, ensovoorts, vir mense wat om verskeie redes nie uit die huis kan gaan nie.
- Afhaling van medikasie vir mense wat siek is (Enige gepaste 2 × 2) (4)

6.7

STAAT VAN INKOMSTE EN UITGAWES VAN Q4U VIR DIE MAAND GEËINDIG JANUARIE 2020		
VERKOPE		20 000
MINUS KOSTE VAN VERKOPE		**✓6 000**
BRUTO WINS		**✓14 000**
MINUS UITGAWES		**✓2 300**
SALARISSE	1 000	
REKLAME	100	
VERVOER	**✓500**	
TELEFOON	**✓700**	
NETTO WINS		**✓✓11 700**

(7)
[51]

TOTAAL AFDELING B: 180
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou